# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (33/20)

(Volg my op Twitter justchad_cga)

*Justin Chadwick 14 Augustus 2020*

***"It is not the strongest of a species that survives, nor the most intelligent, but the one most responsive to change" Charles Darwin***

## CGA RAADSVERGADERING EN ALGEMENE JAARVERGADERING

Die Algemene Jaarvergadering van die Citrus Growers Association of Southern Africa gaan op Dinsdag, 8 September 2020 om 18h00 deur middel van die Zoom-videokonferensie platform plaasvind. Sou enige produsente lid van die CGA graag wou inskakel, RSVP asseblief aan Gloria by 031-7652514 of gloria@cga.co.za. Die agenda vir die AJV is soos volg:

1. Verwelkoming
2. Verskonings
3. Goedkeuring van die notule van die vorige AJV
4. Enige sake voortspruitend uit die vorige AJV
5. Die voorsitter se verslag vir die jaar April 2019 tot Maart 2020
6. Goedkeuring van resolusies - lede:

6.1 Bevestiging van die Raad soos in die aangehegte Resolusies uiteengesit.

6.2 Bevestiging van die Groepkomitees vir Finansies en Risikobeoordeling.

6.3 Aanvaarding van die finansiële state vir die tydperk April 2019 tot Maart 2020.

6.4 Aanstelling van ouditeure.

6.5 Besoldigingsvlak van ouditeure.

6.10 Goedkeuring van finansiële bystand aan verwante groepondernemings.

7. Enige ander sake.

Die finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 31 Maart 2020 is onder die wagwoordbeskermde afdeling op die CGA-webwerf - www.cga.co.za – onder Finansies vanaf 31 Augustus 2020 beskikbaar. Alternatiewelik kan die CGA-kantore by 031–765 2514 of info @ cga.co.za gekontak word indien u 'n harde kopie deur die pos wil ontvang.

Let asseblief daarop dat die AGV van die ander maatskappye in die CGA-groep ook op dieselfde tyd gaan plaasvind.

## "ORANGE HEART FRUIT DRIVE" DONASIES

Dankie aan al die produsente wat tot dusver vrugte geskenk het - bykans 1 600 ton is ingesamel en versprei. Soos die seisoen sy einde nader, doen ons 'n beroep op diegene om vrugte wat hulle kan, te skenk – hoe die vrugte lyk, is nie belangrik nie. Solank die vrugte vir menslike gebruik geskik is, sal dit baie waardeer word. Kontak Sive sive@citrusacademy.org.za of Portia portia@cga.co.za as u kan help. Ek was persoonlik betrokke by die verspreiding van vrugte, ek kan u verseker - die behoefte is verbysterend.

## GEPAK EN VERSKEEP

| Miljoen 15 Kg Kartonne tot einde Week 32 | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Aanvanklike Skatting | Nuutste Voorspelling | Finaal Gepak |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB/AgriHub** | **2018** | **2019** | **2020** | **2019** | **2020** | **2020** | **2020** | **2019** |
| Pomelo's | 18.7 m | 16.3 m | 14.5 m | 13.9 m | 13.6 m | 16.7 m | 15.1 m | 16.1 m |
| Sagte Sitrus | 13.6 m | 15.3 m | 19.8 m | 12.5 m | 16.8 m | 23.3 m | 23.5 m | 18.3 m |
| Suurlemoene | 17.3 m | 19.9 m | 26.7 m | 16.1 m | 21.3 m | 26.4 m | 26.7 m | 22.1 m |
| Nawels | 24.8 m | 21.3 m | 23.5 m | 17.5 m | 19.8 m | 26.5 m | **25.3 m** | 24.3 m |
| Valencias | 22.8 m | 21.9 m | 30.5 m | 14 m | 18.3 m | 50.4 m | 48.7 m | 46.8 m |
| **Totaal** | **97.2 m** | **94.7 m** | **115 m** | **74 m** | **89.8 m** | **143.3 m** | **139.3 m** | **127.5 m** |